# Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos


**WhatsApp:** 067 713 2332 **Webblad:** www.oosdoppers.co.za
**Facebook:** www.facebook.com/oosdoppers **Erediens videobank:** http://ow.ly/ivfZ309vsdc
**Intydse erediensuitsendings op YouTube by:** Oos-Doppers Potch


## 4 Desember 2022

**09:30 OGGENDEREDIENS:**
**Prof. Nico Vorster**

**Tema:** Struikelblokke in die weg van kerkgroei.

**ONTMOETINGSDIENS**
Intreelied: Ps 95-1:1, 2 en 3, Votum; Seën; Loflied: Ps 66-1:1, 2; Belydenis: Belydenis van Nicea

**VEROOTMOEDIGINGSDIENS**
Wet: Eksodus 20; Lied na die wet: Sb. 9-3:1, 2; Gebed

**WOORDDIENS**
Skriflesing: 1 Korinthiers 12:12-30;
Woordverkondiging

**ANTWOORDDIENS**
Gebed; Liefdegawe – word by die deure opgeneem; Sing Lied 530:1,2,3; Seën; Amenlied Sb 13 – 3.

**AANDEREDIENS: Prof. Nico Vorster**


**Tema:** Die Here in my ouderdom

**ONTMOETINGSDIENS**
Intreelied: Lied 151:1-2; Votum; Seën; Loflied: Lied 190:1,2,3; Gebed

**WOORDDIENS**
Skriflesing: Psalm 71
Sang: Ps 71-1:1,2,3; Woordverkondiging

**ANTWOORDDIENS**
Gebed; Liefdegawe; Sing: Lied 525:1, 2; Seën; Amenlied Sb 13 – 2.

Desember
2022



*Ons gebed:*

*Ef. 1:15-18*
*"Daarom, vandat ek gehoor het van julle geloof in die Here Jesus en van julle liefde vir al die gelowiges, hou ek ook nie op om God vir julle te dank nie. Wanneer ek*

*in my gebede aan julle dink, bid ek dat die God van ons Here Jesus Christus, die Vader aan wie die heerlikheid behoort, deur sy Gees aan julle wysheid gee en Hom so aan julle openbaar dat julle Hom werklik kan ken".*

Gebed is 'n eerlike gesprek met God die Vader, Jesus Christus en die Heilige Gees!

- As gemeente is ons opreg dankbaar vir die Kersmark wat baie suksesvol afgeloop het en vir <u>elkeen</u> se harde en toegewyde dienswerk. Ons eer die Here vir middele, vrywilligers en vir die geloof wat ons saambind.

- Ons sê dankie vir die Here se Woord wat aan ons as gemeente bedien word!

Ons bid vir elke prediker en vir ons wat aanhoor! Laat dit vrugte dra wat aan die Here die eer bring.

- Bid saam vir elkeen wat met vakansie op reis sal wees en vir hulle wat feesvier tuis! Laat ons ook stil word in hierdie feesseisoen en diep nadink oor ons verlossing in Jesus Christus en wat dit vir my en jou beteken.

- Kom ons as gemeente dank ook God as ons aan ons medegelowiges dink vir hul geloof en hul liefde!

- Ons bid saam vir elkeen van ons geloofsfamilie wat eensaam is, siek is, behandeling ontvang en hoop op genesing – "*Mag God, die bron van hoop, julle deur julle geloof met alle vreugde en vrede vervul, sodat julle hoop al hoe sterker kan word deur die krag van die Heilige Gees."*

- Ons bid vir Christene in wêreldlande wat nie openlik Jesus Christus mag bely nie en wat ook Kersfees vier, maar dit in die geheim moet doen – versterk elke kind van U waar hy/sy ook mag wees!

- Ons bid vir ons leiers van ons land en in besonder vir dit wat besig is om te gebeur – ons bid dat U wysheid sal skenk aan leiers en dankie dat U steeds in beheer is ongeag wie regeer! *"Psalm 146: 3-4: Moenie op magtiges vertrou nie, nie op 'n mens nie; hy kan jou nie red nie. Sy asem verlaat hom, hy word weer grond en sy planne is daarmee heen."*

----------------------------------------------------------

**MEELEWING**

- Andries du Plessis het 'n operasie ondergaan om die kanker uit te sny. Hy sterk nog aan.
- Simon du Plooy (Groep 13) was dié week in Medikliniek vir toetse om die oorsprong van 'n virusinfeksie en erge hoofpyn te bepaal.
- Engela van Rooyen (Groep 13) is in Medikliniek waar sy verskeie toetse ondergaan.
- Alma Kruger (Groep 79) ondergaan Dinsdag 'n knievervanging in Mooimed.
- Douw Kruger se breukoperasie het goed afgeloop en hy sterk tuis aan. Sodra hy voldoende aangesterk het, sal hy in Johannesburg geopereer word vir die anurisme in sy hartslagaar.
- Lien Kruger (Douw se vrou) word more (Maandag) by Medikliniek opgeneem, waar sy die uitslae van die toetse wat op

haar gedoen is, sal kry en verdere behandeling sal volg. Sy verduur steeds baie pyn.

- Marie Oosthuizen het vir opvolg-toetse gegaan, die gewasse het baie mooi gekrimp. Sy sal vroeg volgende jaar met nog ‘n reeks chemo-terapie begin.

**Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.**

## ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Annette Coetsee, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Corrie du Plessis, Annetjie Vermeulen en Mariana du Plessis.

## BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

**Vandag**
09:30 Oggenderediens
Sap onder die tent
Kleuterbediening
Geen katkisasie
18:00 Aanddiens

**Maandag**
18:00 Kersmark: Evalueringsvergadering

## AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en vir die Ekumenisiteit: London (Klein boks). Zapper- betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir SDDS: Kinderhuise.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurte: Groep 10 en 11.

## MOOIRIVIER KERSMARK

Liewe Gemeente
‘n Groot en spesiale DANKIE vanaf die Kersmark-komitee aan elkeen van julle wat ons komitee se hande sterk gemaak het die afgelope 9 dae. Dit was weereens vir ons so lekker om saam te werk en mekaar ook beter te leer ken.
Dankie vir elkeen wat so hard gewerk het en baie ure ingesit het! Hierdie ywer en deursettingsvermoë kan net gebore word uit die wete dat ons dit alles vir die Here en sy kerk doen!

Gereelde besoekers aan ons mark sê die volgende: Mooirivier Kersmark is ‘n instelling in Potchefstroom. Na 14 jaar wat ons soveel genade uit die Here se hande ontvang, kan ons met dankbaarheid getuig hoe die Here hierdie mark bewaar en sy hande oor ons hou. Aan Hom al die eer!

Baie dankie aan ons Kersmark Komitee wat elke jaar hierdie groot projek met soveel ywer en sukses aanpak en afhandel. Ons vertrou julle sal nou lekker kan rus!

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

**Sondag, 4 Desember**
Br Reitz Esterhuizen

**Maandag, 5 Desember**
Sr Muschka Esterhuizen
Sr Carike vd Westhuizen
Sr Chris-Mari Venter

**Dinsdag, 6 Desember**
Sr Esta du Plooy

**Woensdag, 7 Desember**
Sr Ment Larney

**Vrydag, 9 Desember**
Sr Hannetjie du Preez
Br SJ J v Rensburg
Br Piet vd Berg
Sr Mathilda Willemse *

**Saterdag, 10 Desember**
Br Danie le Roux
Jsr Inge Snyman
Sr Trui Venter *

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

## BEDERF-KERSBOKSE

Alle groepe en lidmate moet asb hulle bederf-bokse, nie later as **Woensdag, 7 Des.** by die kerkkantoor inhandig nie sodat dit betyds uitgedeel kan word.
Baie dankie vir almal wat deel was van hierdie projek.

## NEEM KENNIS VAN EREDIENSTE GEDURENDE DIE VAKANSIE:

Daar sal elke Sondag ‘n normale oggenderediens gehou word. Onthou dat ons gedurende die vakansie nie aanderedienste of kleingroepbyeenkomste het nie.
Neem ook kennis van :
**16 DESEMBER:** 09:00 NG Kerk Miederpark
**25 DESEMBER:** 09:30 GK Potchefstroom-Oos, Prof Naas Ferreira

## OUJAARSDAGAAND-KUIER

Almal word uitgenooi na ‘n Bring-en-braai by Frikkie en Anna Smith, Saterdag 31 Desember, vanaf 18:00 tot laat. Eie eetgerei, drinkgoed, vleis, slaai en kole.

## RAPPORT AAN KERKE VANUIT KURATORE-VERG. NOV 2022

### 1. AGTERGROND

Met groot dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader kon die Teologiese Skool in 2022 weer gewone kontakklasse vir die studente aanbied. Ander aktiwiteite soos praktiese opleiding en kampe kon ook weer plaasvind.

As Kuratore het ons op 22 en 23 November 2022 vergader om ons verantwoordelikheid rakende die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente, na te kom.

### 2. PERSONEEL BY TEOLOGIESE SKOOL

Die twaalf beroepe professore aan die Teologiese Skool is nie net besig om op akademiese terrein die studente te onderrig en met kennis toe te rus nie. Hulle is ook deur middel van voogperiodes en andersins besig om die studente op emosionele, persoonlikheid en sosiale vaardigheidsvlakke toe te rus en te begelei. Dit is en word ’n al hoe meer uitdagende taak, waarvoor ons hulle toewyding en passie baie dankbaar is.

Daar bestaan tans twee vakatures by die Teologiese Skool, naamlik Praktiese Teologie en Nuwe Testament. In die lig van die huidige reëlings van die NWU dat beroepe professore nie meer aangestel gaan word nie, en weens ’n gebrek aan finansies, was dit nie moontlik om hierdie vakatures deur beroeping te vul nie.

Ten spyte van die professore se groot werkslading, tree hulle by geleenthede in kerkverband op, en publiseer elkeen ook verskeie teologiese artikels en publikasies, wat ’n Gereformeerde boodskap uitdra, soos Paulus dit stel in Fil. 2:15 “te midde van ’n krom en verdraaide geslag onder wie julle skyn soos ligte in die wêreld”.

Aan die einde van 2022 termineer die MTh program waarvoor finale jaar kandidate as geleentheidstudente ingeskryf het. Dit bring

### 3. STUDENTE BY DIE TEOLOGIESE SKOOL

Die Studente aan die Teologiese Skool, waarvan sommige afstand-studente is, is tans:

| | |
|---|---|
| Kandidaats 1 | 2 |
| Kandidaats 2 | 4 |

| | |
|---|---|
| Kandidaats 3 | 4 |
| Kandidaats 4 | 14 |
| Kandidaats 5 | 7 |
| Kandidaats 6 | 11 |

Daar is tans net 4 eerstejaarstudente wat aansoek gedoen het vir teologiese studie in 2023. Dit is ’n bron van kommer dat die getalle van studente drasties afneem. Gemeentes word opgeroep om jong mans wat die potensiële gawes het, aan te moedig om vir predikante te studeer (vergelyk Artikel 19 KO – *Die kerke moet soveel nodig sorg dat daar studente in die Teologie is wat deur hulle ondersteun word*).

Die Kuratore moes ongelukkig as gevolg van verskeie redes drie studente se studies termineer.

Dit is verder ’n bekommernis dat proponente na beroepbaarstelling in sommige gevalle lank wag vir ‘n beroep, selfs so lank as twee jaar. Dikwels veroorsaak dit ernstige finansiële nood. Kerke wat die studente gestuur het vir opleiding, behoort groter verantwoordelikheid vir hulle te aanvaar. Kerke word opgeroep om in samewerking met die kerkverband (klassis en streeksinode) planne te beraam dat hierdie studente in die bediening aangewend kan word terwyl hulle wag vir ’n beroep.
Drie aansoeke om onder Kerkorde Art. 9 beroepbaar gestel te word is ontvang en hulle is tans volgens die voorskrifte van die TSP Senaat en Kuratore besig met sekere akademiese werk en preekmaakoefeninge met die oog op die verwerwing van die Kandidaatsertifikaat (Art. 9 – *Predikers wat uit ander kerke of een of ander sekte aansluit, sal nie tot die kerkdiens toegelaat word nie, behalwe met groot versigtigheid en dit eers nadat hulle vir 'n sekere tyd goed beproef is*).
Vyf studente wat hulle studies in 2022 voltooi het, het aansoek gedoen om verdere studie te doen. Studente wat nagraads verder studeer ontvang nie finansiële ondersteuning van die TSP nie. Sommige studente kan egter nie hierdie studies bekostig nie. Tog het ons as kerke hierdie bekwaamheid nodig. Indien lidmate bereid sou wees om tot so ’n student se studies by te dra, kan hulle met die TSP skakel.
Studente wat preekkonsent het, doen aan die Kuratore verslag oor waar en wanneer hulle in gemeentes opgetree het, ten einde seker te maak dat hulle hulle preekgawes genoegsaam oefen. Die Kuratore is dankbaar teenoor gemeentes wat vir ons studente hierdie geleentheid bied.
Weekliks word ’n opening by die Teologiese Skool gehou waartydens professore en predikante ’n oordenking aanbied. Hierdie jaar het die oordenkings uit 2 Timoteus gekom. Dit word onder die redakteurskap van prof. FP Viljoen in boekvorm uitgegee. Hierdie publikasie behoort met groot vrug in die kerke gebruik te kan word.

### 4. SPESIFIEKE WERKSAAMHEID VAN DIE KURATORE

Kuratore van die verskillende Streeksinodes hou kontak met die studente wat uit die betrokke Streeksinode kom, ten einde vas te stel of hulle enige probleme met hulle studies ervaar, of andersins ondersteuning nodig het.

Die Kuratore voorsien ook beurse aan die studente wat dit benodig, en verskaf- waar nodig – huisvesting en voedselhulp aan studente ten einde hulle in staat te stel om hulle studies te voltooi.

Die Kuratore besoek op gereelde basis die emeritus professore om van hulle welstand te verneem en hulp te verleen waar nodig.

## 5. TOEKOMSTIGE TEOLOGIESE OPLEIDING

In 2017 het die Raad van NWU besluit dat die ooreenkoms tussen die GKSA en die Universiteit in die lig van nuwe wetgewing grondig hersien moes word. Dit het meegebring dat 'n nuwe ooreenkoms met die NWU onderhandel is. Hierdie ooreenkoms hou betekenisvolle gevolge vir die toekoms van ons teologiese opleiding in.

Dit het onder andere meegebring dat die Kuratorium genoodsaak was om die Gereformeerde Teologiese Akademie (https://reformedtheologicalacademy.com) te stig. Die nuwe ooreenkoms en die oprigting van die Gereformeerde Teologiese Akademie is van buitengewone belang. Afgevaardigdes na die Algemene Sinode 2023 word daarom versoek om in hulle voorbereiding met groot erns die rapporte en dokumentasie in hierdie verband te bestudeer. Die Sinode moet immers rigtinggewende besluite neem met die oog op die toekoms van ons teologiese opleiding.

## 6. STUDENTEPREKE

Die proses om preke te leer maak is omvangryk. Tydens hul vierde jaar berei studente onder leiding van die professore drie preke voor. In hul vyfde jaar maak die studente drie preke wat in gemeentes gelewer en geëksamineer word. Hulle maak ook volledig selfstandig een preek wat deur die Kuratore beoordeel word. Op grond van daardie preek verleen die Kuratore aan die einde van die vyfde jaar aan studente toestemming (preekkonsent) om hul preekgawes in gemeentes onder toesig van die kerkrade te oefen. Gedurende die sesde jaar moet die studente een preek in een week maak en ook drie ander preke selfstandig maak en aan die Kuratore voorlê. Hierdie preke word dan beoordeel, en die terugvoer word aan die studente voorsien ten einde hulle preekmaak vermoë te oefen.

Daar was gedurende die jaar drie studente wie se preke nie geslaag het nie en met begeleiding nuwe preke moes maak. Ons vertrou dat hierdie proses vir die studente 'n besondere leer- en groeigeleentheid bied.

## 7. SAMEVATTEND

Die Teologiese Skool wil op 'n omvattende en verantwoordelike wyse voornemende predikante oplei wat volwasse en bekwaam daar uitstap om die Here se Woord suiwer te verkondig en pastoraal in gemeentes te bedien. Hierdie werk word biddend gedoen. Maar dit bly mensewerk. In dit alles sien ons egter die groei en die bekwaamheid wat die Heilige Gees met elke jaar se studie bewerk en ons is ons Hemelse Vader daarvoor innig dankbaar.

As kerke moet ons voortdurend die Kuratore, die professore en studente in gebed opdra aan die genadige en almagtige beskikking van die Koning van die kerk.

U broeders in Christus, Pieter Heystek en Christo van Vuuren

## GKSA-NUUS

Die volgende afgestudeerde teologiese studente is deur verskeie Streeksinodes die agelope week beroepbaar gestel. Ons bid dat hulle spoedig beroep sal word om in die Koninkryk van God te arbei:

- Proponent ID Nagel
- Proponent Thina Nthangeni
- Proponent Godwin Mushayabasha se proponering word verleng tot Junie 2023.
- Proponent Wimpie Jansen van Vuuren
- Proponent Koketso Lepodise
- Proponent Floris van Staden

- Proponent Nardus Buys
- Proponent Johan Willemse

Nog vier ander studente het hulleself nie nou aangemeld vir beroepbaarstelling nie en gaan verder studeer, oa. ons eie Barend van der Westhuizen.

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK**

## ALGEMENE INLIGTING

### LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

### KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658
kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

### BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos
ABSA Tjekrek: 670 340 066
Takkode: 335 138

Diakonie
ABSA Tjekrek: 670 280 160
Takkode: 335 138

Susters
Capitec Spaarrek: 145 652 5695
Takkode: 470 010

**BAIE DANKIE AAN ONS BORG DIE WEEK!**

Turkstra
BAKKERY
Adres: Sol Plaatjiestr. 7
Potchefstroom
Tel: 018 294 4271
E-pos: turkstrabakery@mweb.co.za
Ons bak met passie / We bake with passion



# SUSTERS

PS. 119:105 " U WOORD IS DIE LAMP WAT MY DIE WEG WYS, DIE LIG OP MY PAD."

## SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

## TEESKINK-GELEENTHEID




Koffie, tee en koeldrank vandag in die Skuur / Tent na die oggenddiens.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Marlise Styger en groep 8, Christa vd Walt en groep 16, Jorette Erasmus en groep 26, asook Hannie Niemand en groep 34.

## BLIKKIES-WARMHARTE



Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan.

**Baie dankie vir julle getroue bydraes!**



## SUSTERSBYDRAE

Die susters se fondse word uit elke suster se vrywillige bydrae (R150 per jaar) verkry, asook uit die fondse wat tydens fondsinsamelingsgeleenthede geïn word. Hierdie geld word gebruik om na minderbevoorregtes uit te reik en daar word jaarliks aan verskillende verdienstelike instansies, donasies gegee.

Dankie vir die susters wat op gereelde basis 'n bydrae vir hierdie werk gee.